Newsletter | Nuusbrief 10/2018 25 April 2018

WISKUNDE-EN-WETENSKAP-OLIMPIADE 2018

Aangebied deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) in samewerking met die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU)

Die nasionale Wiskunde-in-Aksieprojek is reeds die afgelope vier jaar aangebied en die Wetenskap-in-Aksie is in 2017 geloods.

Die hoofdoel is om in 2018 aan die leerders in graad 6 en graad 7 weer 'n geleentheid te bied om in Wiskunde sowel as in Wetenskap, aan die projek deel te neem om hul kennis te bewys en sodoende in aanmerking kom om ‘n leersame Pretdag by ‘n bekende Universiteit by te woon.

- Die Wiskunde-in-Aksie en Wetenskap-in-Aksie vir 2018 vind weer nasionaal plaas.
- Leerders skryf die vraestelle by hul eie skool op die volgende datums:
  - Wiskunde-vraestel op Maandag, 6 Augustus 2018
  - Wetenskap-vraestel op Dinsdag, 7 Augustus 2018
- Die standaard van die vraestelle word aangepas sodat dit ruimte vir die gemiddelde leerder bied om wél sukses te beleef, maar met voldoende uitdagende vrae om tussen toppresteerders te onderskei.

Die 30 leerders wat die beste in Wiskunde en/of Wetenskap in elke streek gevaar het, word daarna na 'n verrykende Pretdag genooi. Daar is ook kontantpryse op die spel.

Sluitingsdatum vir inskrywings: Vrydag, 29 Junie 2018

Kliek hier vir brief aan skoolhoofde en vakhoofde (meer inligting)
Kliek hier om die inskrywingsvorm in Word-formaat te voltooi
Kliek hier om die inskrywingsvorm in Excel-formaat te voltooi

KONSEPRIGLYNE VIR DIE BEFONDSING EN VOORSIENING VAN HULPBRONNE IN 'N INKLUSIEWE ONDERWYSSTELSEL

Versoek om publieke kommentaar op die konsepriglyne vir die befondsing en voorsiening van hulpbronne in 'n inklusiewe onderwysstelsel.

Kliek hier vir 'n elektroniese kopie van die "Draft guidelines for Resourcing an Inclusive Education System". Lede word versoek om die dokument sorgvuldig te bestudeer, met spesifieke verwysing na Par 5 (Riglyne vir die verspreiding van poste vir Onderwys- en Staatsdienspersoneel vir skole en instansies in 'n inklusiewe onderwysstelsel) en Par 6 (Minimum nie-personeel en nie-kapitale befondsing).

Terugvoer en kommentaar moet gestuur word aan:
Dr Moses Simelane, E-pos adres: Simelane.M@dbe.gov.za, teen nie later as **20 Mei 2018** nie**.**

SOSIALE MEDIA – WAT IS JOU VERANTWOORDELIKHEDE?

Die sosiale media era het die wêreld byeengebring soos nog nooit tevore nie. Met die druk van 'n knoppie of die klik van 'n muis kan ons met enige iemand ter wêreld kommunikeer en inligting deel. Met vrye toegang tot sosiale media en die internet as geheel, het almal toegang tot 'n baie publieke en permanente platvorm. Terwyl die meeste internet vaardige volwassenes verstaan dat die internet in ink en nie in potlood geskryf is nie en dat die verkeerde plasing op sosiale media jou reputasie onherstelbare skade kan veroorsaak, is daar steeds mense wat dit bloot net nie begryp nie. Met soveel volwassenes wat hulself nie op die internet beskerm nie, hoe verwag ons dat kinders dit moet doen sonder die hulp van 'n verantwoordelike volwassene?
Kliek hier om die res van die artikel te lees.

SAOU
SCHOOL MANAGEMENT WORKSHOP
2018
WERKSWINKEL VIR SKOOLBESTUUR

WERKSWINKEL VIR SKOOLBESTUUR 2018

Ons kondig met spyt aan dat die SAOU Werkswinkel vir Skoolbesture, 14 – 16 Junie 2018 by Kopano Nokeng Lodge, Bloemfontein vol bespreek is.

Newsletter | Nuusbrief 10/2018 25 April 2018

MATHS-AND-SCIENCE-OLIMPIAD 2018

Presented by The South African Academy for Science and Arts (SAAWK) in cooperation with the South African Teachers Union (SAOU)

The national Mathematics-in-Action project is in its fourth year and Science-in-Action started in 2017. The main aim of the project is to provide learners in Grades 6 and 7 with an opportunity to demonstrate their knowledge in Mathematics and Science and possibly participate in an enriching Math/Science Fun Day.

- The Mathematics-in-Action and Science-in-Action for 2018 takes place nationally.
- Learners will write the papers at their school on the following dates:
  - Maths paper on Monday, 6 August 2018
  - Science paper on Tuesday, 7 August 2018
- The standard of the papers will be adjusted to ensure that all can experience success, but be challenging enough to identify the top achievers.

The 30 learners who perform the best in each region (linked to a university), will be invited to attend an inspiring Maths/Science Fun Day, hosted at their closest university campus. There are also cash prizes for the top learners.

Entries close: Friday, 29 June 2018

Click here for the letter to principals and subject heads (more information)
Click here to complete the entry form in Word format
Click here to complete the entry form in Excel format

DRAFT GUIDELINES FOR RESOURCING AN INCLUSIVE EDUCATION SYSTEM

Call for Public comment on the draft guidelines for Resourcing an Inclusive Education System.

Click here for an electronic copy of the "Draft guidelines for Resourcing an Inclusive Education System". Members are requested to carefully study this document, with specific reference to Chapter 5 (Guidelines for distribution of CS and PS posts to schools and institutions within an inclusive education system) and Chapter 6 (Minimum non-personnel non-capital funding guidelines).

Feedback and comments should be sent to:
Dr Moses Simelane, E-mail address: Simelane.M@dbe.gov.za, by no later than **20 May 2018.**

SOCIAL MEDIA – WHAT ARE YOUR RESPONSIBILITIES?

The social media age has brought the world together in a way we've never seen before. With the touch of a screen or the click of a mouse we can communicate and share information with anyone in the world. With open access to social media and the internet as a whole, everyone now has access to a very public and very permanent platform. While most internet savvy adults understand that the internet is written in ink and not in pencil and that posting the wrong thing via social media can cause irreparable damage to your reputation – there are still so many users that just don't get it. With so many adults failing to protect themselves on the internet, how do we expect children to do so without the help of a responsible adult?
Click here to read the rest of the article.

SAOU
SCHOOL MANAGEMENT WORKSHOP
2018
WERKSWINKEL VIR SKOOLBESTUUR

WORKSHOP FOR SCHOOL MANAGEMENT 2018

We regret to announce that the SAOU Workshop for School Management, 14 – 16 June 2018, Kopano Nokeng Lodge, Bloemfontein is now fully booked.